


## Noord-Kaap

Voorsitter: Ada Rheeder  
084 840 2511  
noord-kaap@landsdiens.co.za

Ondervoorsitter: Martha Meintjes  
082 468 4495



### VOORWOORD

- **Ada Rheeder (Noord-Kaap Voorsitter)**

Ons Landsdiens tema vir die termyn is geskoei rondom die natuur.

Spesifiek en doelgerig op die bewaring van natuurlike hulpbronne -

**WATER en die OMGEWING!**

Landsdiens strewende daarna om in alle aktiwiteite die vier liefdes uit te bou.

Liefde vir die Skepper - Om ons opdrag uit die Bybel te gehoorsaam en dit is: "Woon en Bewerk die Aarde". Dit sluit ook sommer by die tweede en derde liefdes van die Landsdiens aan - **Arbeid in die omgewing.**

In 'n projek soos herwinning is dit sommer drie vlieë met een klap.

**Herwin, Hergebruik en verminder Rommelstrooi!**

Ons Liefde vir die Medemens is uitgedra met die insameling van water wat na Kaapstad gestuur is. Al die klubs in die Noord-Kaap het in hierdie opsig 'n bydra gelewer. Ons loods ook veral projekte wat ingestel is op waterbesparing asook ondergrondse water besparing deur sover as moontlik bewusmaking en uitroei van indringerplante.

Die vraag bly egter: "Doen ons genoeg? Landsdiener, waar staan jy?"

My opregte dank aan elke Landsdiener, klubleier, volwassene en ouers betrokke by Landsdiens wat positief en doelgerig die Landsdienspilare omhoog hou.

Dit is 'n voorreg om met elkeen te werk en onthou: 'n Positiewe houding maak alle laste lig.

# Noord-Kaap Landsdiensbestuurspan


*Ada Rheeder - (Voorsitter)*



*Martha Meintjies - (Ondervoorsitter)*



*Deon Marais - (Tesourier)*



*Olga Burger - (Sekretaresse)*



*Erma van der Ryst - (Toekennings)*



*Tanya Jordaan - (Sosiale Media)*



*Mariëtte Beeslaar - Jeug)*



*Nandi Streicher - (Sang)*



*Nadia Jankowitz - (Omgewing)*



# KANSA PAKKIES - DS. JACOBS LANDSDIENSKLUB VAN HOËRSKOOL ADAMANTIA

Dit is altyd wonderlik om 'n stukkie van jousef weg te gee. Dit maak dit nog meer wonderlik as jy dit vir iemand kan gee wat dit werklik nodig het en sal waardeer.

Die DS. Jacobs-Landsdiensklub stap al 'n baie lang pad met KANSA en met van die kanker-pasiënte. Ons harte is dus altyd oop teenoor hierdie mense en ons het soveel meegevoel met KANSA. Ons almal ken of weet van iemand wat al baklei het teen die GROOT K.


Die Landsdieners van die DS. Jacobs Landsdiensklub het die hele skool betrek om fondse in te samel

vir KANSA-pasiënte wat na Kimberley reis vir kanker-behandeling.

Die personeel en leerders het 'n bedrag van R1400,00 ingesamel vir die aankoop van die produkte in die versorgingspakkies.

KANSA het groot dankbaarheid aan die Landsdieners betoon in hul dankie-sê brief.

Ons sien uit om met die volgende geleentheid weer hande te vat en op een of ander manier vir KANSA te ondersteun.



**KANSA needs your support to make this Mandela day count.**

Help us reach our goal of 100 KANSA Care Packs for adult and children cancer patients at each of our 28 KANSA Care Centres. A cancer diagnosis is difficult enough, but combining that with poverty is overwhelming. Mandela Day challenges us to put the poor first and put ourselves in the shoes of others and make a meaningful contribution.



You can donate the following:

<b>BASICS</b>	<b>EXTRAS</b>
> Face cloth/sponge - R15	> Socks/beanie/scarf - R30
> Antibacterial soap - R10	> Juice bottle - R20
> Pocket tissues/rollit roll - R10	> Corosold Antibacterial mouth wash - R85
> Hand sanitizer - R10	> Gemolene - R40
> Small Vaseline Tubi lip ice- R10	> Wetwipes - R20
> Straws x2 - R10/pc	> Baked snack e.g. savoury biscuits/popcorn/ lightly salted chips
> Marie biscuits - R15	> Flavoured milk
> Toothbrush - (always soft option) R20	> Small fruit juices
> Toothpaste - R10	
> Mouthwashes/soft gums - R12	
> Mints - R10	
> Message of hope and encouragement and a self-sealable bag e.g. Ziploc to put everything inside	
> Coloured pens	
> Blank notepad	
> R120	

Drop off your KANSA Care pack at your local Care Centre. If you'd like to spend your 27 minutes with us, join us at many hospitals, KANSA Care Homes and TLC Lodges across the country, handing out the KANSA Care packs.

To make a financial gift, please donate online on <https://bit.ly/2lnkq7w> DonateKANSA-MandelaDay

Contact your local KANSA Care Centre at [www.kansa.org.za/kansa-care-centres/contact-us/details/](http://www.kansa.org.za/kansa-care-centres/contact-us/details/) or call toll-free 0800 22 6422


**KANSA verras pasiënte**

Van links is, voor: Anri Venter (vrywilliger by KANSA), Desiree Seekoei (staatsampnare-vereniging), Lisa Ward (administratiewe ondersteuning by KANSA), Racquell Mabindisa (staatsampnare-vereniging), HJ Botha (streeksverteenwoordiger van KANSA) en Johnene Ralph (borg); agter: Neo Montse (staatsampnare-vereniging) en Andries van der Merwe (gemeenskaps-mobiliseerder by KANSA). Foto: Christiaan Cloete

**Christiaan Cloete**

Kimberley-hospitaal uitgedeel het. Die pakkies het onder meer sneesdoekies, kokies, serpe en mussies bevat. Verskeie plaaslike ondernemings en instansies het die inhoud van die pakkies voorsien.

Lede van KANSA se Kimberley-span het Woensdag (18/07) hul deel vir Nelson Mandela-dag gedoen toe hulle sorg-pakkies aan kanker-pasiënte by die

Koerantberig:  
Noordkaap Koerant


## DS. JACOBS LANDSDIENSKLUB HOU 'N ONVERGEETLIKE KLUBKAMP

Wat 'n besige naweek met 'n vol program, maar hope pret en 'n goeie leerskool vir die nuwe lede. Ons hou ons Klubkamp vanaf 11 tot 13 Mei 2018.

Ons het van die 11de tot die 13de Mei ons Klubkamp by die skool gehou. Ons het die Vrydag-middag na skool nes gekrop en toe dadelik begin met ons aktiwiteite. Eerste op die lys was die bewaring en skoonmaak van monumente. Ons het na die vrouemonument gestap en al die onkruid verwyder op die monument. Die monument is ook geveë en gewas. Oom John Roderick het ons meer kom vertel van die geskiedenis van hierdie monument.



**BEFORE**



**AFTER**

Hierna het ons heerlike wors gebraai vir worsbroodjies en terwyl ons gewag het vir die vuur het ons lekker ken-mekaar-speletjies gespeel en Landsdiensliedjies geleer. Natuurlik was nagereg heerlike stokbrood gewees.



Ons het na die feesmaal badsout gemaak vir die bejaardes van Ons Huis Aftree-oord aangesien Sondag, 13 Mei Moedersdag was. Die aand het ons op die gepaste wyse afgesluit en daarna het ons 'n fliekaand gehou totdat almal aan die slaap was.



Saterdagoggend was dit vroeg uit die vere. Ons het ontbyt gemaak en het daarna Wildebeestkuil toe gegaan. Ons het die geskiedenis van die Boesmans (Khoi-San) en die rotstekeninge vreeslik baie geniet en dit was beslis leersaam. Ons het vooraf 'n film gekyk wat gehandel het oor die ontstaan en betekenis van die rotstekeninge. Daarna het ons op 'n staproete met plankpaadjies gestap om die rotstekeninge te besigtig. Hierna is ons McGregor Museum toe wat net so interessant was. Dit is wonderlik dat daar so baie geskiedenis is een plek bewaar word. Ons het ons uitstappies afgesluit met 'n besoek aan Ons Huis Aftree-oord. Ons het aan al die Ouma's Moedersdag geskenkies gaan oorhandig. Die geskenkies was die gekleurde badsout wat ons gemaak het. Die bejaardes het dit soos altyd baie waardeer datons aan hulle gedink het.





Wat is 'n Landsdienskamp nou sonder 'n behoorlike potjiekoskompetisie. Ons was vier groepe en dit was maar baie moeilik om 'n wenner te kies.



**BEFORE**

Ons het terug gekeer skool toe en hier het ons middagete geëet en daarna die groot kamptaak aangepak. Ons het bome se dooie takke afgesaag en indringers uitgeroei. Dit was groot werk, maar ons het almal mooi saamgewerk om van die wilde dagga plante ontslae te raak. Dit was maar 'n genies en gehoies na die tyd en ons het spekboompies in die plek van die wilde dagga plante geplant. Na hierdie groot kamptaak het ons begin pot maak.

**AFTER**



Terwyl die potjies op die vuur was het ons nie rond gesit nie. Ons het elkeen 'n bol wol gekry en moes vir ons moeders nog 'n geskenkie maak vir Moedersdag. Ons het vingertjebrei gedoen en het die pragtigste erpe vir ons ma's gebrei. Nog 'n nuwe vaardigheid wat ons vir lank sal onthou en sal kan gebruik vir geskenke. Ons was na die dag se besige skedule doodmoeg en het nie eers kans gesien vir sokkie nie. Ons het die aand weer mooi gepas afgesluit en 'n paar Landsdiensliedjies gesing en hierna is ons bed toe.



Sondagoggend was dit weer vroeg uit die vere om gereed te maak vir kerk. Ons is almal saam kerk toe en het na die pragtige kerkdiens 'n kranslegging by die Vrouemonument gedoen. Ons het dan ook so ons kamp afgesluit. Die hele kamp was een groot sukses en ons is nou almal gereed vir die Provinsiale kamp en die bestuurslede het ook seker gemaak dat die nuwe lede weet wat om te doen tydens die Provinsiale Kamp.



## Uitreiking na Caritas - kleuterafdeling: Jannie Roux Kinderhuis (Barkley Wes)

Ons het die behoeftes by die kleuterafdeling gaan bepaal deur in gesprek te tree met die maatskaplike werker by die kleuterafdeling. Ons is almal bewus van hoe koud dit in die Noord-Kaap kan raak en die maatskaplike werker het ons ingelig dat hul warm nagklere, pantoffels en handskoene benodig.

Tydens die Noord-Kaap streek se Provinsiale kamp, het die kampelede en personeel 'n finansiële bydrae gelewer en ons het 'n mooi bedrag van R1700,00 ingesamel en op ons gasteaand aan Mev. Hurter van Caritas oorhandig.

Sy het volgens groottes die aankope gaan doen en aan elke kleuter 'n "warm" geskenkie gaan oorhandig.

Landsdieners het die oggend van 4 Augustus met die kleuters gaan deel. Groot blydskap en opgewondenheid het geheers. Monique Bekker ('n Mej. Addie-finalis van Hoërskool Adamantia) het ook 'n R1000,00 bygedra tot die projek en 'n partytjie-pakkie vir elke kleuter uitgedeel.

Hierdie was beslis 'n uiters geslaagde uitreiking in die gemeenskap!



# Provinsiale Kamp te Deo Gloria (Barkley Wes) - Junie 2018

Wat 'n ongelooflike Provinsiale Kamp in die ysige koue winter, weereens langs die pragtige Vaalrivier. Honderd en sewentig leerders en twee en dertig personeellede. Die Noord-Kaap streek het hul jaarlikse Provinsiale Kamp hierdie jaar vanaf 22 tot 26 Junie te Deo Gloria (Barkley Wes) aangebied. Ons het 'n vol program gehad en ons moes gelyke tyd die laerskool en hoërskool leerders aktief besig hou met die 4 liefdes van Landsdiens.

Almal het Vrydag-middag 14:00 by die kampterrein gearriveer. Daarna is die kamer indelings gedoen en die leerders kon lekker kuier en mekaar beter leer ken. Aandete was om 18:00. Ons het die kamp amptelik afgeskop met 'n opening en verwelkoming en daarna is die klubvoorstellings gedoen. Verskeie pragtige projekte is deur die jaar geloods in elke klub. Ken mekaar speletjies was 'n hoogtepunt en het definitief gehelp om die ys te breuk. Elke aand het ons afgesluit op die gepaste wyse, gepaardgaande met Praise & Worship liedjies. Tannie Nandi het gesorg dat daar behoorlik lekker gesing word op die kamp.

Saterdag was 'n besige dag. Vroeg uit die vere en "Body Beat" om net seker te maak Klaasvakie is nie meer met ons nie. Vlaghysing en Stiltetyd is mos tradisie en ons het op die manier elke oggend geopen. Oom Francois, tannie Mariska en Tannie Erma het gesorg vir die geestelike deel van die kamp, asook die afsluiting in die aande.

Die leerders het almal hanvaardighede gedoen deur die loop van die dag en dit is afgewissel met lekker speletjies wat die kompeterende kant van elke leerder na vore gebring het. Tannie Nadia het vir die hoërskool leerders die tegniek van botteltuine (terrariums) aangeleer. Sy het die waarde van goeie dreinerings en goeie potgrond- en komposmengsels aan ons verduidelik. Elke leerder het 'n plantjie ontvang wat ons toe geplant het en kon huis toe neem na die kamp. Die houers van die terrariums is ook aantreklik versier met goingsak, tou en krale. Elke landsdiener het dit baie geniet.

Hierna het dinge baie opwindend geraak. Ons het 'n spreker gehad, oom Mark Erasmus. Hy het met ons oor reptiele en ongewone troeteldiere kom praat. Die leerders was so bevoorreg om na die baie interessante praatjie die diere, onderandere slange en 'n Albino krimpvarkie, te hou vas en foto's te neem. Ons het Saterdag afgesluit met 'n konsert en die groot tema-opskop! Hierdie jaar se tema was Superhero's!

Sondag het ons 'n kerkdiens gehad en daarna het ons 'n baie leersame bybelvasvra gehad. Oom Francois Oberholzer het 'n baie mooi persoonlike getuigenis gelever tydens die kerkdiens.

Die middag het ons meer geleer oor Landsdiens, die ontstaan van Landsdiens en hoe Landsdiens werk, ten opsigte van toekennings en vlakke. Na aandete het ons 'n lekker inlêflike gekyk, koffie gedrink en gaan slaap.

Maandag is ons bederf met 'n lekker uitstappie. Die laerskool leerders het die McGregor Museum in Kimberley besoek en die hoërskool leerders het Wildeklaar besoek. Mevrouw Suzaan Erasmus het as gids opgetree tydens die laerskole se uitstappie by die McGregor Museum. Die leerders het verskeie uitstapies lokale besoek. Daar was onderandere die dier- en plantlewes in die Noord-Kaap, die ontstaan / ontwikkeling van die verskeie bevolkingsgroepe, rotstekeninge by die gletsers deur die Khoi-San-mense, die diamantstormloop en oorlog wat daarna gevolg het. Dit was vreeslik interessant en almal het baie geleer, veral die Landsdieners buite Kimberley. Die hoërskool leerders kon nie glo hul gaan besoek die Megaplaas Wildeklaar nie. Ja! Die hoofborg van die jaarlikse wintersport-Wildeklaarreeks van reg oor die land! Die boerderybedryf van wortels, aartappels, uie, beet en mielies, om net 'n paar van die hoofprodukte van ons land te noem, word hier verbou en verpak. Alle stelsels is hoogs gemeganiseerd en doelgerig om arbeidsbesparend te wees en massa verpakking na produksie te doen sodat die varste produkte die verbruikers kan bereik. Ons het ook opgemerk dat daar baie aandag gegee word aan werkers se higiëne, skoon uniforms en sanitasie. Wildeklaar het ook ruim skenkings gemaak van aartappels en wortels wat ons Landsdieners by 'n behoeftevolle plakkerskamp gaan skenk het na die kamp. Groot blydschap in mense se harte en kos op die tafel.

Die aand was ons suksesvolle gaste-aand en die leerders het hul toekennings ontvang en die Nasionale Kampgangers is aangekondig. Ons Junior-leiers vir die Nasionale Kamp is Edward Springbok en Rodene Pondoyi. Tom Sinden en Charlene Sinden is gekies as Senior-leiers vir die Nasionale Kamp. Hierdie vier leerders sal die Noord-Kaap Provinsie se naam hoog hou.

Dinsdag het ons opgeruim, mekaar gegroet en vertrek. Dit was weereens ongelooflik lekker en almal het hul gate uit geniet. Die kos was uit die boonste rakke en die personeel se harde werk was orals duidelik sigbaar. Ons moet vir tannies Marietjie, Margaret en Millie uitsonder. Ons magies was altyd oorvol en ons het definitief lekker gesmul. Baie dankie aan elkeen vir hierdie groot bydra. Baie dankie ook aan elke Landsdiener se goeie gedrag. Baie geluk aan almal wat gekies is vir die Nasionale Kamp. Hou Noord-Kaap se naam hoog en die belangrikste, geniet dit! Tot volgende jaar...





# Prestasies op die Provinsiale Kamp 2018

Baie geluk aan die volgende Landsdieners met die ontvangs van die Springboktoekenning tydens die gaste-aand.

- ◆ Gloria Malo
- ◆ Monique de Jager
- ◆ Tiaan Jordaan
- ◆ Tom Sinden
- ◆ Charlene Sinden
- ◆ Johan Engelbrecht

Hartsvaal is aangewys as die aktiefste Laerskool Landsdiensklub vir 2017/2018.

Die D.S. Jacobs Landdiensklub van Hoërskool Adamantia is as die aktiefste Hoërskool Landsdiensklub aangewys vir 2017/2018.

As Junior leiers vir graad 10 - 12 tydens Nasionaal 2018 te Mentorskraal is

- ◇ Charlene Sinden en
- ◇ Tom Sinden.

As Junior leiers vir grad 8 - 9 tydens Nasionaal 2018 te Mentorskraal is

- ◇ Rodene Pondoyi en
- ◇ Edward Springbok

As Junior leiers vir graad 6 - 7 tydens Nasionaal 2018 te Oudtshoorn is

- ◇ Hanco Erasmus en
- ◇ Chanè Krige


Baie geluk en baie sterkte met die belangrike taak vanaf 8 tot 14 Desember 2018.



Koerantbering

Noordkaap Koerant

25 Julie 2018



# Laerskool Hartsvaal

Laerskool Hartsvaal het hierdie jaar maar eers deel geword van die Landsdiensbeweging, maar ons staan vir niemand terug nie.

Ons is so opgewonde en werk baie hard. Ons was so bevoorreg om sommer in ons eerste jaar as aktiefste Landsdiensklub, onder die laerskole, bekroon te word. Ons is baie opgewonde oor die jare wat voorlê.

Ons deel graag een van ons hoogtepunte hierdie jaar...


Laerskool Hartsvaal het op Mandela Dag 'n speelpark vir klein kindertjies gaan oorverf en vullis opgetel en die area mooi gemaak vir die kinders.

Daar is veral gefokus op Liefde vir die Medemens en Arbeid.



# TECHNICAL HIGH SCHOOL LAND SERVICE

In April we made cutlery bags. We made this from dishcloths that we first painted with fabric paint. Then we had to wait a week for the paint to dry and the next week, we asked the help of the girls, to sew the cutlery bags by hand. Our learners are very creative and artistic and there were various beautiful designs and bags made. Now, all of us have a pretty personalised cutlery bag when we go camping!



We had a “squatter camp” club camp at school. This was loads of fun. We slept in the classes and used our staff room’s kitchen. The camp was only two days! We packed everything into those two days. The Friday afternoon we had a know-you-neighbour-game. We got to know each other a little better. Then we had some cold drinks, and after that we started preparing to make our own potjiekos for supper. We were divided into four groups for this competition and all the pots were delicious. We ate to our hearts content. Then we had a talk about Land Service Traditions and we learned the Land Service Anthem, as well as other Land Service songs. The Saturday we started with body beat, as we usually do on camps. Then we had a lovely breakfast. After that we started with our hand craft. We learned how to make flowers from wire, we dipped it in glue & after the glue dried, we painted it with cutex, donated to us by our teachers. That was actually more difficult & time-consuming than what we anticipated it would be. Then we helped our school by cleaning the flower beds at the school’s entrance. We all worked together to pull out the weeds and to tidy up the flower beds. Then it was lunch! What is a camp without “worsrolls”? After lunch we played some more games. This time, it was “boeresport” and boy, did we have fun getting dirty! Next time we definitely want to camp the entire week-end...

# Daniëlskuil Landsdiens



Daniëlskuil help by die DBV

Die landsdieners van laerskool Daniëlskuil het besluit dit is tyd om te ruil.

Diere is mos ons hart se punt.

Daarom bring elkeen sy ekstra munt.

Die hoërskoolkinders gaan mos gly.

Ja, hulle gaan met die klein bussie ry

Saam met hulle sal ons bydraes gaan.

Die woefies sal nie sonder kossies staan

Ons onnies bly die beste ooit.

Niks te veel vir hulle - nee nooit!

Juf Mari vat die bussie laat ons gaan,  
en juf Erma bring die res van ons aan.

